

SAWA Oos-Kaap



Liewe Sawanante

Hier is inligting oor ons volgende paar kampe:

Cannon Rocks: 15 – 18 Junie 2017

Dareem weer 'n lang naweek kamp wat voorle vir die gelukkiges.

Pryse is as volg ontvang van Cannon Rocks:

<u>Getalle:</u>	<u>Prys:</u>
2	R 125.00
3	R 165.00
4	R 205.00
5	R 245.00
6	R 285.00
7	R 325.00
8	R 365.00

Pryse sluit kinders in. Dit wil sê as jul 2 volwassenes met 2 kinders is, is dit R 205.00 per nag + die R 10.00 vir kampfoeie. Tjaart Snyman en sy span sal die naweek kampkommandante wees. Weet daar wag 'n groot verrassing vir Vadersdag.



Wintertoer: 8 – 15 Julie 2017

Lede het reeds hul name vir Tjaart of Isckhe gegee en als is gereed vir die trek na wie weet waar! Hoop almal wat die toer meemaak geniet dit, seker die hoogtepunt op SAWA Oos-Kaap se kalender. Reeds 13 woonwaens wat die pad gaan aandurf.

Nieshoutkloof: 21 – 23 Julie 2017

Tariewe vir die heerlike oorde beloop R 160.00 per nag, maksimum 4 mense! Aangesien baie van ons bestuurslede die wintertoer meemaak laat weet asseblief so gou moontlik of jul Nieshoutkloof toe gaan.

Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra, slegs as ons minder lede is as wat bespreek is en die oord dit so vereis.

Noodhulp tydens saamtrekke:

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeleiers van die naweek beskikbaar.

Wapad en Webwerf:

Stuur asb. u nuus/foto's vir Elzaan Le Roux vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: leroux.elzaan@gmail.com

Baie van ons lede se kinders het ook mooi presteer en ons vra dat julle dit ook asb. sal aanstuur dat ons so vir hulle ook die nodige erkenning kan gee.

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Elzaan of jou bestuurslid laat weet.

Ledegeld:

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nationaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar. Ledegeld: Kontant = R340; Senior Burgers: Kontant = R330

Debietorders is R10 minder by elke groep. Agterstallige lede sal gekontak word om reëlings te tref vir betalings.

Bedryfsfonds:

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampeiers.

SAWA Kentekens:

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL

SAWA Oos Kaap Bestuur

